*G. Smit*

# DIE ONTWIKKELING VAN 'N STRATEGIESE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE — OP PAD NA 'N MISSIONERENDE BEDIENINGSPRAXIS


## ABSTRACT

## DEVELOPING A STRATEGIC, CONGREGATIONAL ECCLESIOLOGY — TOWARDS A MISSIONARY MINISTRY PRAXIS

This article focuses on developing a theory of ministry praxis that moves from uniform practices to the reflecting of diversity in a time of paradigm shift to the postmodern paradigm. Attention is paid to the ministry practices of the reformed tradition. A hermeneutic communicative ecclesiology of ministerial practices is used to describe the transfer from a single praxis to missionary ministry. The markers for this ecclesiology consist of Scripture metaphors referring to the church's identity, her spiritual growth and her service in the Kingdom of God. In addition, these markers function on three levels: First, the level of God as the origin of the church; Secondly, the level of the church that recreates community with God through a life of gratitude and spiritual disciplines in the context of a family while functioning as a body of Christ; Thirdly, the level of the church's relationship with God to the world by means of worship, gift-based ministry and testimony.


## 1. BEDIENINGSPRAXIS, EKKLESIOLOGIE EN EFFEKTIWITEIT

Hierdie artikel het ten doel om op kursoriese wyse die bedieningspraxis van veral gereformeerde kerke in die Suid-Afrikaanse konteks te ondersoek. Die oogmerk is om vas te stel of die histories-gereformeerde bedieningspraxis in die konteks van verskuiwende samelewingsparadigmas steeds effektief meewerk aan die kerk se roeping in die wêreld. 'n Aantal hermeneuties-kommunikatiewe bedieningsmerkers word daarna voorgestel vir gereformeerde kerke om vanuit

*Dr. G. Smit, Navorsingsgenoot, Departement Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.*

'n eenvormige bedieningsmodel te ontwikkel in 'n missionerende ekklesiologie en gepaardgaande bedieningspraxis.

Dit is geruime tyd reeds sigbaar dat die bedieningspraxis van hoofstroomkerke — in Suid-Afrika veral die Ned. Geref. Kerk — 'n krisis beleef. Die afgelope dekade alleen word wyd nagedink en herbesin oor die kwynende tendens in onder andere lidmaattalle in die gevestigde kerke van Europese oorsprong (Hendriks 1997:27). In hierdie proses word gekyk na aanpassings in bedieningspraktyke. 'n Mens sou bedieningspraktyke, of praxis, aan die hand van Heitink (1993:148) kon omskryf as die handelinge van individue en groepe in die samelewing, binne en buite die kerk, wat geïnspireer wil word deur die Christelike geloof en hulle so laat rig op die heil van mens en wêreld. Bedieningspraxis verwys dus na die werksaamhede van gemeentes in en deur gemeentelede om die heil van Christus sigbaar te leef in hulle spesifieke gemeenskappe.

Die besinning oor bedieningspraxis staan in direkte verband met die ekklesiologie, die teologiese dissipline wat handel oor die kerk, haar wese, geskiedenis en ordeprosedure (Hendriks 1992:278). Die noodsaak van prakties-teologiese besinning oor die ekklesiologie lê onder meer by die eksegeties-teologiese fundering van modelle en teorieë vir gemeentewees en gemeentefunksionering (Bisschoff 1991:62). Die bedieningspraxis van 'n gemeente moet onderwerp word aan 'n integrerende teorie vir die funksionering van die hele gemeente (Smit 1997:39).

Wanneer oor bedieningseffektiwiteit gepraat word, moet dit gemeet word aan die Skriftuurlik-ekklesiologiese fundering van die bediening, en of bedieningspraktyke reformeer om die roeping, wat God gegee het, te reflekteer. Bedieningseffektiwiteit word gevind waar teologies nagedink word oor die impak van die konteks op die gemeente en haar Skrifverstaan en tot watter mate die gemeente 'n getuienis kan lewer oor die Christelike geloof (Niemandt 2007:48). Dis 'n roeping tot missionêre gemeentewees wat daagliks worstel met reformasie in die teologiese tradisie vanuit die konteks en omgekeer (Nel 2006:27).

## 2. KONTOERE VAN 'N GEREFORMEERDE BEDIENINGSPRAXIS

### 2.1 'n Fokus op ampswerk

In die gereformeerde bedieningspraxis — as konteks waarbinne die navorser funksioneer — word 'n plaaslike kerkraad getaak om die bediening in en van die gemeente te vergader, te regeer en te versorg (Kleynhans 1985:33). Dit vind plaas vanuit die belydenis dat Christus self deur die Heilige Gees al die dienswerk verrig (Delport 2004:2). Die bediening steun op die dienswerk van alle

gelowiges, maar veral die dienswerk van die besondere ampte — predikant, ouderling en diaken. Hierdie ampte word in opdrag en werk onderskei, maar is gelykwaardig onder Christus se Hoofskap oor die kerk (Delport 2004:3).

Pastorale bediening in die gereformeerde tradisie vind plaas deur versorging en toerusting: Dit word van ouderlinge verwag om lidmate geestelik te versorg, onder meer deur huisbesoek (Delport 2004:22) en van diakens deur onder meer die insameling van middele wat vir die diakonale werk nodig is (Delport 2004:23). Predikante is onder andere verantwoordelik vir die herderlike versorging van lidmate, veral in die vorm van huisbesoek (Delport 2004:14). Vir verdere dienswerk in die gemeente moet die kerkraad sigself in kommissies organiseer (Delport 2004:32).

## 2.2 ’n Eenvormige herder-kudde bedieningsmodel

Huisbesoek in een of ander vorm is reeds vir eeue deel van die kern van gereformeerde bediening (Theron 2005:154). Hierdie praktyk reflekteer ’n herder-kudde bedieningspraxis, waar die gemeente se bedieningswerk primêr vanuit die verkondiging van die Woord gerig word (Pieterse 1991:71). Dit is juis die lerende ouderling wat herderlik die gemeente moet versorg en as sy/haar kudde oppas (Heyns 1986:66). Die siening van die lerende ouderling as sorgende herder en leraar is oorspronklik deur Calvyn (1959:60-61) gevestig. Volgens Calvyn vervul die herder ’n genoegsame ampstaak indien die Woord verkondig, die sakramente bedien, en die tug uitgeoefen word.

Die ontwikkeling van die gereformeerde bedieningspraxis kan nie losgedink word van gebeure in die sestiende eeu in Geneve nie (Theron 2006:148-149): Ampsbesoeke is in hierdie stad deur Calvyn ingestel om as teenvoeter te dien van die Roomse “oorbieg”. Die tug was ’n teenvoeter vir die bieg deurdat die kerkraad ’n reëlmatige besoekplan gevolg het waartydens lidmate met geestelike toerusting versorg is. Boonop het ’n spesiale verbintenis bestaan tussen hierdie toerustende ampsbesoeke en die viering van nagmaal as gevolg van gebrekkige kategetiese onderrig. Calvyn het die lerende bediening as ’n integrale deel van die lewe van die gemeente beskou. Daarom het hy ’n sentrale rol aan die predikant toegeken (Osmer 1990:115-118). Predikante moes as herder-leraars die gemeentelede toerus en volgens die Skrif regeer.

In die gereformeerde bedieningspraxis is ’n spesifieke pastorale fokus op ampswerk geïnstitusionaliseer tot enigste geldige en eenvormige vorm van gemeentebediening. Veral die verampteliking van huisbesoek as primêre bedieningsmeganisme het progressief momentum opgebou en teen 1721 is gereelde, amptelike huisbesoek ingesluit in visitasie-reglemente van die gereformeerde kerkreg (Theron 2005:161).

### 2.3 Gevolg van die institusionalisering van die herder-kudde model

Die toenemende institusionalisering en hiërargisering van die ampswerk van die predikant het algaande 'n kloof tussen gemeente en ampsdraers geskep (Heyns 1986:55-64). Gemeentelede is al meer beskou as *laïkos* — leke — of daardie onderworpe en sorgbehoewende deel van die kerk omdat hulle nie oor genoegsame teologiese kundigheid beskik het nie. Hiermee is die ampswerk van die gelowige verskraal: Gemeentelede is toenemend as objek van bediening beskou in plaas daarvan dat hulle mede-subjekte gebly het van God se sending na die wêreld met hulle eie roeping en verantwoordelikheid (Kraemer 1962:69-70).

## 3. KRAKE IN DIE BEDIENINGSPRAXIS

### 3.1 'n Verandering in die samelewingsorde

Die afgelope dertig jaar lui die spreekwoordelike doodsklok vir die gevestigde samelewingsorde. Op tegnologiese gebied skuif die samelewing van 'n industriële na 'n informasiegedrewe ekonomie. Tegnologiese ontwikkelinge van die laaste drie dekades — veral die astronomiese ontwikkelinge op die gebied van die persoonlike rekenaar en die internet, selfoon- en ander kommunikasietegnologieë — het tot gevolg dat die wêreld-ekonomie van 'n argraries-industriële bedryf na 'n inligtingsgebaseerde bedryf gespring het (Smit 1997:147-154). Boonop word voorspel dat verdere ontwikkelinge in die komende eeu die ekwivalent van 20,000 jaar se vooruitgang tot gevolg gaan hê (Niemandt 2007:9).

Die sosiale, filosofiese en godsdienstige impak van hierdie veranderingstyd is omvangryk. Op godsdienstige terrein alleen word dit beskryf as die skuif weg van 'n Christendom-era, waar kerklike praktyke oor generasies gevestig en bewaar en deur regerings afgedwing is, na 'n postmoderne era, waar die kerk as sosiale randfiguur nuwe paradigmas vir bediening moet ontdek (McLaren 2000:24). Hierdie oorgang is reeds deeglik beredeneer (vgl. Bosch 1991:349-362; Mead 1991; Smit 1997:147-170; Sweet 1999; McClaren 2000; Miller 2004:96-118; Niemandt 2007:9-55).

### 3.2 Kompeterende samelewingsparadigmas

Die spoed waarteen die oorgang voltrek is, het tot gevolg dat mense uit verskillende paradigmas dieselfde lewensruimte deel. Die wetenskaplike gebruik van die term "paradigma" fokus veral op dupliseerbare formulerings in die wetenskapsteorie (Kuhn 1970:150). Paradigmaskuiwe vind plaas wanneer 'n

heersende paradigma versuim om probleemvrae op te los. Hoewel hierdie paradigma nog in staat is om dit aan te spreek, versamel ’n toenemende aantal onopgeloste kwessies onder die oppervlak van die normale. Hierdie onopgeloste probleme vuur ’n veranderingsproses aan wat ’n paradigmaskuif tot gevolg het. Dit lei daartoe dat diegene wat die skuif aanvaar, sake vanuit ’n ander verstaansraamwerk begin beskou en nuwe spelreëls aanwend om antwoorde vir die probleme te vind (Malphurs 1993:24).

Armour en Browning (2000:31-32) onderskei agt sosiale denksisteme wat as samelewingsparadigmas funksioneer. Vir die doel van hierdie bespreking word dit opgedeel in drie paradigmas, te wete die premoderne, moderne en postmoderne paradigmas (Smit 2007:3-5). Die premoderne paradigma is primêr argraries en sou kon ooreenstem met Armour en Browning se eerste drie sisteme, waar die fokus val op fisieke oorlewing, beskerming teen die onsienbare en mag oor die teenstander. Die moderne paradigma is industrieel van aard en sou kon ooreenstem met hulle vierde en vyfde denksisteme, waar die fokus val op transendente waarheid en beginsels en persoonlike prestasie. Die postmoderne paradigma is informasie-gedrewe en sou kon ooreenstem met die laaste drie denksisteme, waar die fokus val op gelykheid en die ekologie, sistemiese gesondheid, holistiese identiteit en konvergensie.

In die bedieningspraxis van die plaaslike gemeente impliseer die bestaan van gelyklopende paradigmas in dieselfde tydgleuf voortdurende spanning omdat elke sisteem sy eie interpretasie het oor hoe die kerk haar roeping moet vervul (Van Wyk & De Klerk 2007:135). Waar mense in die premoderne paradigma vashou aan die siening dat alle gemeentebediening die eenvormigheid van die oorgelewerde praktyke moet weerspieël, vertoon die moderne paradigma op geloofsvlak ’n soort militante pragmatisme in praktyk en ’n wettiese fundamentalisme in teologie. Die postmoderne paradigma staan uiteindelik in ’n soort reaktiewe rebellie teenoor beide die vorige paradigmas met ’n soeke na die essensie van die Nuwe-Testamentiese kerk en haar praktyke (McLaren 2006:217).

## 3.3 Evangelisasie in die spervuur

Dis juis op die gebied van roepingsvervulling waar gemeentebediening die grootste uitdaging in die gesig staar. In die Christendom-era was lidmaatskap van die kerk ’n gegewe deel van mense se burgerlike plig (Mead 1991:13-18). Sending was grootliks ’n buitelandse projek en evangelisasie die meganisme om kerkgangers weer betrokke te kry. Dit is aanvaar dat die Bybel normatiewe gesag oor alle landsburgers se lewens het. Effektiewe evangelisasieprogramme, as die modernisme se bydrae tot die Christendom-era, het bestaan uit fynuitgewerkte evangelisasiebesoeke en stadiongeleenthede wat Christus as enigste Verlosser en Saligmaker geproklameer het.

Intussen het die samelewingskultuur so ver geskuif dat die kerklike kultuur — as 'n insulêre na-binne-gerigte kultuur en bedieningsfokus — 'n struikelblok vir die kerk se roeping geword het (Mittelberg 2000:48). Die aanspraak op Christus as enigste Verlosser staan trouens vyandig teenoor 'n pluralistiese ideologie waarin alle gelowige ewe geldig en gelyk is en waarin diskriminasie op grond van geloof nie geduld word nie (Strauss 2006:227). In 'n era van sinkretisme en godsdienstige sekularisasie en pluralisme is 'n nuwe paradigma nodig vir die verkondiging van die verlossing deur Christus. Dit is nie 'n nuwe model nie, maar 'n herontdekking van die verlossingsteologie van die Bybel, 'n dieperwordende verhouding met God en 'n afhanklikheid van die Heilige Gees (Hybels 2006:35) en werklikheidsgetroue verhoudings met verlore mense (Barna 1995:156).

# 4. OP PAD NA 'N MISSIONERENDE BEDIENINGS-PRAXIS

## 4.1 Geloofspraktyke van die opkomende kerk

Niemandt (2007:62) identifiseer nege geloofspraktyke wat deur die kerk in die opkomende kultuur beoefen word. Hy onderskei in die negende plek die praktyk om antieke geloofswaarhede in 'n byderwetse kleed te plaas. Dis hier waar nuwe teologiese refleksie noodsaaklik is. Henderson en Casper (2007:88-89) beskryf die opkomende kerkkultuur juis as een waarin kerke wegbreek van die praktyke van tradisionele of hoofstroom megakerke, maar sonder om die tradisionele geloofstandpunte van die Christendom te verwerp. Dis 'n kultuur waarbinne bedieningspraktyke gedekonstrueer word deur tradisionele uitgangspunte te bevraagteken (Sweet, McLaren & Haselmayer 2003:87), maar waarin Bybelse teologiese waarhede behou word (Barna 2005:16). Dit konstitueer die terugbeweeg na 'n ekklesiologiese bedieningspraxis wat intensioneel gefundeer is op die teologiese erfenis van die antieke Christendom.

Hierdie intensionele fundering is noodsaaklik aangesien 'n unieke verhouding tussen teologiese teorie en bedieningspraxis bestaan (Heitink 1993:149-152). Praktyke vir bediening funksioneer altyd met 'n onbewuste teologiese teorie as uitgangspunt, hoewel dit nie as 'n suiwer teorie van die praxis beskou moet word nie. Indien mens nie bewus is van die teologiese fondamente waarop hierdie praktyke gebou word nie, word verval in 'n ideologiese praxis. Teorie is nie belangriker as praxis nie en praxis nie belangriker as teorie nie, maar indien bedieningspraktyke in stand gehou word ten koste van voortgaande teologiese besinning, word die status quo in die kerk gesanksioneer.

Teologiese teorie en bedieningspraktyk staan uiteindelik in ’n bipolêre, spanningsvolle eenheid tot mekaar. Teologiese bedieningsteorieë se voorveronderstellings word geverifieer in ’n voortdurende wisselwerking tussen teks en konteks, en teorie en praxis. Tegelyk word bedieningspraktyke onderwerp aan die bestudering van die Skrif as normatiewe uitgangspunt vir beginsels van kerklike funksionering.

## 4.2 Hermeneuties-kommunikatiewe bedieningsmerkers

Vir die doeleindes van hierdie diskoers word hermeneuties-kommunikatiewe bedieningsmerkers voorgestel wat ’n missionerende ekklesiologie help vestig. Dit kan grafies soos volg voorgestel word (vgl. Smit 1997:178):

| | IDENTITEIT | GROEI | DIENS |
|---|---|---|---|
| INDIVIDU:<br>GOD-BEELDING | ’n Verbondsgemeenskap deur die Skepper geroep | ’n Nuwe lewe deur die verlossingswerk van Jesus Christus | Bemagtig deur die dinamiese inwerking van die Heilige Gees |
| GROEP:<br>VERHOUDINGS-GESTALTES | ’n Dankseggingslewe voor die aangesig van God | Leierskap as gawe van die liggaam van Christus | Die kerk as ’n huisgesin |
| BEDIENING:<br>MISSIONERING | *LEITOURGIA*<br>Aanbidding gerig op die eer van die Drie-enige God | *KOINONIA*<br>Gawegedrewe bediening gerig op die opbou van die gemeente | *MARTURIA*<br>Lewensgetuienis gerig op die uitbreiding van God se nuwe wêreld |

Hierdie merkers moet in die konteks van ’n interaktiewe, sistemiese geheel verstaan word. Bedieningspraktyke het immers betrekking op die gemeente as ’n handelingsisteem (Firet 1980:22-23) waar enkelinge en groepe deur handelinge in interaksie met mekaar tree. Sisteemdenke help om hierin geheelbeelde raak te sien (Senge 2006:68). Dit word ’n raamwerk om verhoudinge, eerder as sake te eien, en om patrone van verandering te herken. In hierdie sin is gemeentes ’n metanoïese organisme, ’n *learning organization* (Senge 2006:13-14) wat die vermoë het om hulle kapasiteit te verbreed deur toekoms te skep eerder as om op oorlewing ingestel te wees.

### 4.2.1 God-Beelding: Kerk vanuit God se perspektief

Die eerste uitgangspunt vir ’n missionerende gemeentelike ekklesiologie is dat die kerk God se skepping is. Sy is instrument in die hande van die Drie-enige

God en sy sending na die mensdom (Bosch 1991:10): Dit is die Skeppergod wat die kerk identiteit gee deur haar as sy verbondsgemeenskap te roep; dit is die verlossingswerk van Jesus Christus wat die kerk se voortgesette dankseggingslewe moontlik maak; en dit is die Heilige Gees wat die gemeente bemagtig tot dinamiese dienswerk in die koninkryk van God.

Die kerk as verbondsgemeenskap is ingebed in die droom van die verhouding tussen God en mense, as 'n persoonlike verhouding waarin aan die mens se menslikheid en verantwoordelikheid reg laat geskied word (Jonker 1989:198). Dit maak van die plaaslike gemeente 'n kommunikasieruimte waarin God aanspraak op sy verbondsvolk kan uitoefen. Die verbond is juis 'n belangrike kommunikatiewe, teologiese motief in sowel die Ou as Nuwe Testament en dit handel oor God se verhouding met die mens en die wêreld (Vos 1995:73-74).

Die verlossingswerk van Christus vorm die spilpunt van God se plan vir die mensdom. Dit verteenwoordig die sigbaarmaking van God se heilsindikatief in die teenswoordige geskiedenis (Roloff 1993:99). Hieruit spruit 'n dankbaarheidslewe waar die verbondsvolk hulle voortdurend bekeer en in groter toewyding aan die ware God lewe.

Uiteindelik fokus die bemagtingswerk van die Heilige Gees die kerk op haar diensroeping as getuie van die heilswerk van God. Die Heilige Gees neem immers die heil wat Christus vir ons gebring het, op om dit oor die hele wêreld te dra, te verkondig en te vestig (Burger 1999:105). Hierin gebruik die Gees primêr die plaaslike gemeente.

### 4.2.2 Verhoudingsgestaltes: Kerk as organisme

Die tweede uitgangspunt vir 'n missionerende gemeentelike ekklesiologie is die insig dat die plaaslike gemeente 'n vertoonvenster (Nel 1994:11) van mense se herstelde verhouding met God is (Bilezikian 1997:37).

Die verbondsgemeenskap se verhoudings moet verstaan word vanuit 'n lewe in die teenwoordigheid van God. Dit vind sy oorsprong in die dankbare toe-eiening van 'n Christusgelyke karakter, deur individuele en kollektiewe prosesse van geestelike vorming (Willard 2006:53). Geestelike vorming verwys in hierdie konteks na die proses waarin gelowiges se denke en emosies omvorm word tot groter konformiteit met die Gees van Christus.

Dit val op dat in die Bybel die roepingsuitlewing van die kerk deur 'n organiese metafoor wat op verhouding eerder as struktuur dui, geteken word. Die kerk as liggaam tree veral by Paulus sterk na vore en is aan die Christologie gekoppel (Roloff 1993:88). As liggaam tree die kerk deur die nagmaal in 'n gemeenskapsverbintenis (*koinonia*) met God (1 Kor 10:16) en deur *koinonia* lewe die

kerk as liggaam van Christus (Roloff 1993:104). Die liggaammetafoor impliseer alledaagse wederkerigheid omdat die kerk dan as organisme verstaan moet word (Roloff 1993:107). Paulus bou die onderskeie funksies van die liggaam uit om die geheelvormende aspek van die liggaam te teken (Smit 2003: 161). Daarom word die liggaam toegerus met ampsgawes (*domata* — Ef. 4:11), leiersfigure wat die res van die liggaam ondersteun om sigself in liefde op te bou tot Christusgelykheid in denke en gedrag. Woordgesentreerde toerusting staan hierin sentraal (Guder 2000:161-165).

Vir die diensbaarheid van die geloofsgemeenskap word teruggeval op die vroeë kerk se selfverstaan as alternatiewe huishouding (Klauck 1992:28). Die sosiale organisasie van die era is in die Nuwe-Testamentiese skrywers se denke geïnkorporeer en teologies gekontekstualiseer. Dit kan duidelik gesien word in die volgehoue gebruik van die begrip *oikos* as ekklesiologiese term (Crosby 1988:33). Antieke huishoudings in die Romeinse Ryk het gefunksioneer as derde sosiale instelling — naas die koninkryk en die stad — met die basiese funksies van formele opleiding, administrasie, amptelike kundigheid en die vestiging van invloedryke verhoudings na buite. Om die wisselwerking in die huishouding te organiseer, is ’n stel huishoudelike etiese kodes, huistafels, opgestel (Crosby 1988:27-28). Dit vind ’n spieëlbeeld in die etiese kodes wat deur veral Paulus verskaf word.

Die volgende kontoermerkers dien vir gawegedrewe *koinonia* as opboukonteks van die praktiese bediening van die liggaam van Christus (Smit 2003: 174-175): Genadegawes help die geloofsgemeenskap om nader aan mekaar te groei; genadegawes aktiveer gelowiges tot diens; genadegawes bou gelowiges op tot getuienis; genadegawes funksioneer as praktiese bedieningsruimte vir missionerende gemeentebediening; en gawegedrewe bedieninge in ’n plaaslike gemeente funksioneer as ontsluitingspunt vir gelowiges se persoonlike missionering in die breër samelewing. Hierby moet ook ’n koinoniale fokus gevoeg word wat gemeente-bediening in ’n effektiewe spanverband plaas.

### 4.2.3 Missionering: Kerk in sending na die wêreld

Die derde uitgangspunt vir ’n missionerende gemeentelike ekklesiologie is die plaaslike gemeente se deelname aan Christus se verlossende sending na die wêreld (Guder 2000:150-151). Dit verteenwoordig die uitwaartse gestalte van die gemeente se bediening. Daarom word dit veral gevind in die eredienste van die kerk, as die sigbare aangesig van God se heil (Moltman 1977:303). Dit is daardie plek waar die Drie-enige God se lewende teenwoordigheid erken en aangeroep word, die basis waarvandaan gelowiges hulle gemeenskaplike eenheid in Christus bely en die ruimte waar God geëer en geloof word. Daarom pas die Bybelmetafoor van die kerk as tempel van God hier in. As

kommunikatiewe ruimte is die kerk die tempel waarbinne die Woord van God gehoor word en as vormingsruimte waar die geloof opgebou, versterk, bemoedig, uitgedaag en weggestuur word (Josuttis 1991:245).

Die hermeneutiese konteks van die getuienistaak van die kerk word op eiesoortige wyse deur Lukas en Paulus aan die Heilige Gees gekoppel. Albei hierdie Bybelskrywers benut die Griekse begrip *dunamis* om na die bemagtiging tot getuienis te verwys. *Dunamis* impliseer die inherente bevoegdheid van iemand of iets om 'n spesifieke daad — fisies, geestelik, polities of militêr — uit te voer (Betz 1986:601). Dit dui ook op spontane uitinge van hierdie krag en in die Sinoptiese Evangelies en Handelinge verwys dit veral na die krag van God (Betz 1986:603): Deur *dunamis* kom die verlossingswerk tot volle betekenis vir die gelowige. Christus se wonderwerke word *dunameis* genoem omdat die heerskappy van God hierdeur 'n kragtige uitwerking begin verkry en die stryd teen die duiwel op die vlak van menslike bestaan voortgesit word. In Lukas word die krag van Jesus pertinent aan die Heilige Gees verbind. Hierdeur verkry gelowiges dieselfde bevoegdheid om die koninkryk met Goddelike kragwerk te vestig as Jesus.

Paulus koppel *dunamis* pertinent aan die Heilige Gees (Gräbe 1990:88). Hierdeur word die klem op die eskatologie geplaas omdat die Heilige Gees as waarborg dien dat God se werk in die *eschaton* voleindig sal word en 'n seker hoop vir elke gelowige vestig. Tegelyk het die verhouding met die lewende Here 'n kragtige uitwerking op die geloofslewe in die teenswoordige. Deur die *dunamis* van die Gees word die koninkryk van God geantisipeer. In Handelinge 1:8 word *dunamis* gebruik om die outoriteit waarmee gelowiges hulle getuienis sal lewer as komende van die Heilige Gees aan te dui. Die kerk is die skepping van die Heilige Gees, en die kragwerk van God deur die Gees bemagtig gelowiges tot medewerkers in die koninkryk.

## 5. GEVOLGTREKKINGS

Geplaas teen die agtergrond van die veranderinge in samelewingsparadigmas en die geïntegreerde verstaan van spesifieke ekklesiologiese merkers as hermeneuties-kommunikatiewe teorie vir 'n gereformeerde bedieningspraxis, is dit duidelik dat 'n enkelvormige bedieningspraxis teologies nie langer haalbaar is nie. Trouens, dit is dringend noodsaaklik om nuut te besin oor die aard, wese en roeping van die kerk. Hierdie voortgesette ekklesiologiese navorsing het 'n postmoderne noodsaaklikheid geword. Indien dit nie gebeur nie, gaan plaaslike gemeentes in 'n bedieningspraxis verval wat deur pragmatisme, dooie tradisie en futiele oorlewingspogings gekenmerk word.

Dit vra egter ook die moed en oortuiging om bedieningspraktyke te ontwerp wat kreatief in 'n immer-veranderende konteks besig is met die roeping van

die plaaslike gemeente. Dít, terwyl die onderhawige teologiese bedieningsteorieë op verantwoordelike en Bybelse wyse verreken word.

Teologiese kontoermerkers wat vanuit 'n hermeneuties-kommunikatiewe teorie ontwikkel kan word, dien om ekklesiologiese identiteit op die Drie-eenheid van God gefokus te hou, terwyl begeleiding gegee word aan gemeentelede om hulle dankbaarheidslewe prakties uit te leef, as samelewingsleiers vanuit 'n geestelike familie. Uiteindelik fokus dit die gemeente se sigbare bediening op die eer van God en die toerusting van gelowiges met die oog op hulle missionale koninkryksgetuienis in die samelewing.

## BIBLIOGRAFIE

ARMOUR, M.C. & BROWNING, D.

2000. *Systems sensitive leadership. Empowering diversity without polarizing the church*. Joplin: College Press Publishing Company.

BARNA, G.

1995. *Evangelism the works. How to reach changing generations with the unchanging gospel*. Ventura: Regal Books.

2005. *Revolution. Finding vibrant faith beyond the walls of the sanctuary*. Carol Stream: Barna/Tyndale.

BETZ, O.

1986. Might, authority, throne. In: C. Brown (ed.), *The New International Dictionary of New Testament Theology* (Grand Rapids: Zondervan, Volume 2), pp. 601-606.

BILEZIKIAN, G.

1997. *Community 101. Reclaiming the local church as community of oneness*. Grand Rapids: Zondervan.

BISSCHOFF, J.H.

1991. Gemeentebou: 'n Prakties-teologiese basisteorie. Ongepubliseerde D.D.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

BOSCH, D.J.

1991. *Transforming mission. Paradigm shifts in theology of mission*. New York: Orbis Books.

BURGER, C.
1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees. Oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus*. Stellenbosch: Buvton/ Lux Verbi.

CALVYN, J.
1959. *Institutie of onderwijzing in de Christelijke godsdienst*. Vertaald door A. Sizoo. Drie volumes. Zesde druk. Delft: W.D. Meinema N.V.

CROSBY, M.
1988. *House of disciples — Church, economics and justice in Matthew*. New York: Orbis Books.

DELPORT, K. (RED.)
2004 (Hersiene uitgawe). *Kerkorde, bepalinge en reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*. Wellington: Lux Verbi.BM.

FIRET, J.
1980. De plaats van de praktische theologie binnen de theologische faculteit. In: J. Firet (red.), *Praktische Theologie: Een bundel opstellen over plaats en praktijk de Christelijke gemeente* ('s Gravenhage: Boekencentrum B.V.), pp. 9-27.

GRÄBE, P.J.
1990. *Dunamis* in the sense of power in the main Pauline Letters. Unpublished D.D. thesis. Pretoria: University of Pretoria.

GUDER, D.L.
2000. *The continuing conversion of the church*. Grand Rapids: William B. Eerdmans. The Gospel and our Culture Series.

HEITINK, G.
1993. *Praktische Theologie. Handboek Praktische Theologie*. Kampen: Kok.

HENDERSON, J. & CASPER, M.
2007. *Jim and Casper go to church*. Carol Stream: Barna/Tyndale House.

HENDRIKS, H.J.
1992. *Strategiese beplanning in die gemeente. Die beginsels en praktyk van gemeentevernuwing*. Wellington: Hugenote Uitgewers.

1997. Kerklike "megatrends": Bedieningsimplikasies. *NGTT* 38(1&2):27-37.

HEYNS, L.M.
1986. 'n Prakties-teologiese ondersoek na die Kerklike strukture van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

HYBELS, B.
2006. *Just walk across the room. Simple steps pointing people to faith*. Grand Rapids: Zondervan.

JONKER, W.D.
1989. *Uit vrye guns alleen*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

JOSUTTIS, M.
1991. *Der Weg in das Leben. Eine Einführung in den Gottesdienst auf verhaltenswissenschaftlicher Grundlage*. München: CHR. Kaiser Verlag.

KLAUCK, H.J.
1992. *Gemeinde zwischen Haus und Stadt — Kirche bei Paulus*. Freiburg: Herder.

KLEYNHANS, E.P.J.
1985. *Gereformeerde Kerkreg. Deel 3*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

KRAEMER, H.
1962. *Het vergeten ambt in de kerk*. Derde druk. 's Gravenhage: Boekencentrum.

KUHN, T.
1970. *The structure of scientific revolutions*. Second edition. Chicago: University of Chicago Press.

MALPHURS, A.
1993. *Pouring new wine into old wineskins. How to change a church without destroying it*. Grand Rapids: Baker Book House.

MCLAREN, B.D.
2000. *The church on the other side. Doing ministry in the postmodern matrix*. Grand Rapids: Zondervan.

2006. *The secret message of Jesus. Uncovering the truth that could change everything*. Nashville: W. Publishing Group.

MEAD, L.B.
1991. *The once and future church. Reinventing the congregation for a new mission frontier*. New York: The Alban Institute.

MILLER, M.R.
2004. *The millennium matrix — Reclaiming the past, reframing the future of the church*. San Francisco: Jossey Bass.

MITTELBERG, M.
2000. *Building a contagious church. Revolutionizing the way we view and do evangelism*. Grand Rapids: Zondervan.

MOLTMANN, J.
1977. *The church in the power of the Spirit. A contribution to Messianic ecclesiology*. New York: Harper & Row.

NEL, M.
1994. *Gemeentebou*. Halfweghuis: Orion.

2006. *Stories van hoop. Gemeentes wat in hulle konteks 'n verskil maak en hoop bring*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

NIEMANDT, N.
2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede. Geloofsgemeenskappe in pas met 'n post-moderne wêreld*. Wellington: Lux Verbi.BM.

OSMER, R.R.
1990. *A teachable spirit. Recovering the teaching office in the church*. Louisville: Westminster John Knox.

PIETERSE, H.J.C.
1991. *Gemeente en prediking*. Halfweghuis: N.G. Kerkboekhandel.

ROLOFF, J.
1993. *Die Kirche im Neuen Testament. Grundrisse zum Neuen Testament*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

SENGE, P.M.
2006. *The fifth discipline. The art & practice of the learning organization*. Revised edition. London: Random House.

SMIT, G.H.
1997. Ekklesiologie en gemeentebou. 'n Prakties-teologiese studie. Ongepubliseerde D.D.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

2003. Gawegedrewe bediening in missionerende gemeentes. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 18(2):158-178.

2007. Die postmoderne geloofsreis. Ekklesiologiese merkers vir missionêre gemeentebediening. Referaat gelewer by Jaarvergadering van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika. 17-19 Januarie 2007. Wellington: Hugenote Kollege.

STRAUSS, S.A.
2006. The uniqueness of Jesus Christ and pluralism from the perspective of the reformed confession. *Acta Theologica* 26(2):227-241.

SWEET, L.
1999. *Soul Tsunami — Sink or swim in new millennium culture*. Grand Rapids: Zondervan.

SWEET, L. & MCLAREN, B.D. & HASELMAYER, J.
2003. *A is for abductive. The language of the emerging church*. Grand Rapids: Zondervan.

THERON, J.P.J.
2005. Huisbesoek in die Ned. Geref. Kerk: Kan historiese gegewens 'n oplossing bied? *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 20(2):153-169.

2006. Kritiese nadenke oor die Skriftuurlike basis vir amptelike huisbesoek. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 21(2):147-163.

VAN WYK, G. & DE KLERK, B.J.
2007. Strategiese bakens vir die wisselwerking tussen eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in die plaaslike kerk. *Acta Theologica* 27(1):134-155.

Vos, C.J.A.
1995. *Die blye tyding*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Willard, D.
2006. *The great omission. Reclaiming Jesus's essential teaching on discipleship*. Oxford: Monarch Books.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| Bedieningspraxis | Ministry praxis |
| Hermeneuties-kommunikatiewe teorie | Hermeneutic communicative theory |
| Gereformeerde bedieningspraktyke | Reformed ministry practices |
| Postmoderne paradigma | Postmodern paradigm |
| Ekklesiologie | Ecclesiology |